# Lesing 25.05.2018 - DEEL 12 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

**Opregte 76:12** Toe het Moshè vertrek uit die Aarde van Kuwsh en huiswaarts gekeer en het opgehou om oor Kuwsh te regeer. En Moshè was **ses-en-sestig** jaar oud toe hy die Aarde van Kuwsh verlaat het, want die saak was van JaHWeH, want die tyd wat Hy in die dae van die voortyd bepaal het om **JisraEl uit te lei** van onder die **verdrukking van die seuns van Gam**, het aangebreek.

13 Toe het Moshè na Midian gegaan, omdat hy bang was om na Egipte terug te keer as gevolg van Farao, en hy het gaan sit **by 'n put in Midian**.

14 Die **sewe dogters van ReuEl, die Midianiet, het uitgegaan om hulle vader se kudde te laat wei**.

15 En hulle het by die put gekom en het water getrek om hulle **vader se kleinvee** te laat drink.

16 Toe het die **veewagters van Midian** gekom en hulle weggedryf en **Moshè het opgestaan** en het hulle gehelp en die kudde laat drink.

17 Hulle het tuisgekom by hulle vader, ReuEl, en hulle het hom vertel wat Moshè vir hulle gedoen het.

18 En hulle het gesê: '**n Egiptiese man** het ons uit die hand van die veewagters verlos, hy het water vir ons opgetrek en die vee laat drink. 19 ReuEl het aan sy dogters gesê: En waar is hy? Waarom het julle die man verlaat? 20 ReuEl het vir hom gestuur en hom laat haal en hom huistoe gebring en hy het **brood saam met hom geëet**.

23 Hulle het hom geneem en het hom in die **gevangenis** gesit. En Moshè was **tien jaar lank** in die gevangenis. En terwyl Moshè in gevangenis was, het **Sippóra**, die dogter van ReuEl, hom jammer gekry en hom die hele tyd **onderhou met brood en water**.

**Opregte 77:23** Maar hulle werk is toenemend vermeerder, meer as die vorige en die kinders van JisraEl het **hieroor gesug en hulle geroep** het opgestyg tot Elohim vanweë hulle werk.

24 Elohim het die stem van die kinders van JisraEl en hulle geroep in daardie dae gehoor. En Elohim het gedink aan **Sy Verbond wat Hy met Abraham, Isak en Jakob** gemaak het.

26 **Moshè**, die seun van Amram, was **steeds opgesluit** in die gevangenis in daardie dae in die huis van ReuEl die Midianiet, en **Sippóra, die dogter van ReuEl, het hom elke dag in die geheim onderhou met voedsel**.

27 Moshè was opgesluit in die gevangenis in die huis van ReuEl vir **tien jaar**.

30 Daarom, as dit goed is in u oë, laat ons stuur en kyk of hy lewendig of dood is. Maar haar vader het nie geweet **dat sy hom onderhou het nie**.

31 En ReuEl, haar vader, het haar geantwoord en het aan haar gesê: Het daar al ooit so 'n iets gebeur dat 'n man vir tien jaar in 'n gevangenis sonder kos opgesluit kan word en dan nog leef?

32 Sippóra het haar vader geantwoord en gesê: Sekerlik het u gehoor dat die **Elohim van die Hebreërs** groot en verskriklik is en te alle tye vir hulle wonders doen.

33 Dit was Hy wat vir Abraham van Ur* van die Chaldeërs verlos het en vir Isak van die swaard van sy vader en vir Jakob van die Boodskapper van JaHWeH wat met hom gestoei het by die drif van Jabbok.

34 Ook met hierdie man het Hy baie dinge gedoen. Hy het hom verlos uit die rivier van Egipte en van die swaard van Farao en van die kinders van Kuwsh. So ook kan hy hom verlos van hongersnood en hom laat leef.

35 Die saak het goed gelyk in die oë van ReuEl, en hy het gehandel volgens die woord van sy dogter en het gestuur na die gevangenis om te bepaal wat van Moshè geword het.

36 En hy het gesien, en kyk, die man, Moshè, was lewendig in die gevangenis en het op sy voete gestaan en hy het tot die Elohey van sy voorvaders lofprysinge gebring en gebid.

37 ReuEl het beveel dat Moshè uit die gevangenis gebring moes word en hulle het hom geskeer en hy het sy gevangenisklere uitgetrek en met hom brood geëet.